STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

18 AUGUSTUS 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**KWARTAALTEMA**

Ons leef in God se KONINKRYK

**EREDIENSTEMAS**

Geloof wat oor grense heen reik

Matteus 15:21-31

**AANDDIENS**

Matt. 5:21-26 en Markus 7:24-30

**JEUGDIENS**

The real me

Romeine 15:1-8

**DEURKOLLEKTE**

Noot-vir-Noodfonds

## EREDIENSTE

| | | | **18 Augustus Nagmaal** | | **25 Augustus** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Potgieter | 1/3 | Dr. Heine | 2 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Visagie | 6/8 | Ds. Potgieter | 7 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Visagie | - |
| 09:00 | Grootsaal | Klouterkerk | Ds. Breytenbach | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Potgieter | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike v. Deventer | 13 | Ds. Breytenbach | 11 |

## KONINKRYKSTYD – GESPREKSGELEENTHEID

Maandag 19 Augustus 19:00 in die kleinsaal

Tema: Geloof help ons oor grense en maak ons vry.

*Ons almal kom gereeld voor grense te staan wat ons angstig, ongemaklik, kwaad, versigtig of onseker kan maak en wat die waardigheid wat God mense gegee het bedreig. Koninkrykstyd verkondig dat God ons deur ons geloof help om hierdie uitdagings in geleenthede te omskep. Ds. Michelle Boonzaaier kom gee praktiese leiding in die verband.*

Spreker: Ds. Michelle Boonzaaier, verbonde aan die I AM-organisasie en leraar by NG Kerk Brackenfell. Toegang is gratis.

## GEBEDSBYEENKOMS VIR VROUE

Ons nooi alle vroue na 'n spesiale gebedsbyeenkoms met sang en gebed vir vroue op **Dinsdag 20 Augustus om 18:30** in die kapel.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00 tot 18:50. Kwartaaltema: *Couch Tuner*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal.

## BELYDENISAFLEGGING

Daar is op 25 Augustus 'n belydenisafleggingsgeleentheid. Kontak gerus die jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za/021 975 1044 om die aansoekvorms aan te vra.

## KOMBERSE VIR CALITZDORP

Die gemeenskapskliniek in Calitzdorp het al hulle beddegoed in 'n brand verloor. Die kliniek, wat ook as 'n daghospitaal funksioneer, het heelwat beddens, maar hul pasiënte is nou sonder warm beddegoed. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## STELLENBERG-KOSPROJEK

Bydraes vir die kosprojek moet asb. voor Dinsdag 27 Aug. by die kerkkantoor, of in die voorportaal van die kerk, onder die trap, besorg word. Niebederfbare kositems, asook toiletware is baie welkom. Kontantbydraes vir die kosprojek kan ook elektronies oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik asb. KOSPROJEK as verwysing.

## NG KERK PAROWVALLEI-OOS BASAAR

Parowvallei-Oos (Markstraat 168, Parowvallei) hou basaar op Saterdag 31 Aug 09:00 tot 12:30. Boereworsrolle, afval, pasteie, melkterte, en ander tuisgebak sal te koop wees. Besoek www.parowvallei-oos.co.za vir die padkaart.

### KATEGESE

### KLEINGROEPE

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Markplein

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATTSAP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## VOSBURG KAROOKUIER 6 SEPT. 16:00

Die voortslepende droogte plaas groot druk op die gemeenskap van Vosburg en noodsaak ons om die Karookuier vanjaar anders aan te pak. 'n Verminderde hoeveelheid vars vleis sal te koop wees. Om soveel moontlik mense geleentheid te gee om van die vleis te bekom, sal klante se varsvleisaankope beperk word. 'n Hoenderbraaibord en al die tradisionele lekkernye sal ook te koop wees. Ons doen 'n beroep op lidmate om kontantbydraes vir die aankoop van produkte te skenk. Elektroniese oorbetalings kan na Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 met verwysing VOSBURGKUIER gemaak word. Kontak vir Christine Ferreira 083 440 2086, of Karen Visagie 082 827 9389 om hulp, of bydraes aan te bied. Nooi asb. vriende en famlie om die fondsinsameling te ondersteun. Die opbrengs word uitsluitlik vir Vosburg-gemeente geskenk.

## GESPREK–KORPORATIEWE ONSEKERHEID

**Dinsdag 27 Augustus 07:30 tot 09:00 in die markplein**

Hoe hanteer 'n mens die konstante onserkerheid in die korporatiewe wêreld en in die huidige ekonomiese klimaat? Aanbieders: Rudolph van Schoor, lewensafrigter by SOS en JP Cronje, verbonde aan die US Sakeskool. Bespreek jou plek by Anneke @ R40 per persoon by 021 976 8029 of sos@stellenberg.co.za.

## MANNE RETRAITE

**Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.:** Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag gebots het. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

### EDELWEISS

**Sondag 18 Aug. 17:30**

NAGMAAL

**Donderdag 22 Aug.**
15:00 en 15:45

BYBELSTUDIE

2 Petrus 2:1–22:
Vals leraars en die effek van hulle dwaalleer.

**Sondag 25 Aug. 18:00**

HUISBYEENKOMS

Lukas 14: 1–14 Mag 'n mens goed doen . . . ?

### BREIGROEP

Ons kom weer Maandag 2 September om 09:30 in die markplein bymekaar.

Bring jou breiwerk en 'n vriend/vriendin saam.

### WOLSKENKINGS

Die breigroep doen weer 'n beroep op lidmate om bruikbare afvalwol vir die brei van serpe en musse te skenk. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie.
Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

## GEMEENTEKAMP

Vanaf 29 Nov. tot 1 Des. by die *Guano Cave Resort,* Montagu. Bespreek jou staanplek by die kampeerterrein en dui asseblief aan dat jy deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is. Kontakbesonderhede: 084 553 4187 of www. montaguguanocave.co.za. Besoek die webwerf vir volledige inligting rakende kampeertariewe.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Op 21 Augustus besoek ons die besigheid *Growing Paper* in Malmesbury. Kom kyk hoe die onderneming papier propvol saadjies vervaardig. Die herwinde papier word ook vir verskeie ander gebruike, soos kaartjies benut. Die bussie vertrek om 08:30. Na die toer gaan ons saam tee, koffie en botterbroodjies geniet. Koste: R30 per persoon. Die uitstappie is reeds vol bespreek.

Navrae: Karin by 021 976 4519.

## VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

'n Veldwerker wat betrokke kan raak by die gemeente se uitreik- en naastediensprojekte word benodig. Die geskikte kandidaat moet goeie organisasievaardighede hê en bereid wees om gereeld te reis en vir periodes (7 tot 14 dae) ons onderskeie uitreikdorpe besoek.

Werksure sal ongeveer vier ure per dag beloop, maar sal op 'n fleksietydbasis bereken word.

Kontakpersoon: Ds. Why Duvenhage, why@stellenberg.co.za/ 082 570 5931.

## ADVERTENSIES OP GEMEENTEKALENDER

Adverteer jou besigheid op die gemeente se kalender. Die kalender word jaarliks aan 1 500 huishoudings in die Stellenberg/ Eversdal-woongebied versprei. Kontak Sanèl by sanel@stellenberg.co.za vir meer inligting.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### CONSPIRITO-KOOR

Lofprysaand met koor, solis, orrel en koperblaasensemble
Vrydag 30 Aug. 19:30
Gereformeerde Kerk
Cherriestraat, Bellair
Kaartjies @ R60 by die deur.

### SNAPSCAN SKANDERINGSKODE